

N.G. Kerk Fochville-Noord

September

Voluit vir Christus Ons is Betrokke...



REDAKSIE:

Die redaksie vra asb vir nuusberigte uit die gemeente.

Ons wil graag julle kinders wat in die huwelik tree se foto's plaas.

Gradeplegtighede ens. is ook vir ons as gemeente groot nuus en ons wil graag in julle vreugde deel.

Dit is lekker om die nuus met mekaar te deel.

Huwelike ens is vir ons hele gemeente spesiaal.

Ons is familie en familie deel met mekaar in hartseer en vreugde.

Famfest 2019 God se genade is groot

Ons kan nou al met sekerheid sê dat Famfest 2019 'n verskriklike groot sukses was met die genade van die Here.

Ons Basaar se bruto inkomste staan tans op R 1 530 000,00.

Vir die ekonomiese tye waarin ons land tans is kan ons maar net aanhou dankie sê vir die genade en seën van die Here oor ons gemeente.

Ons land was nog nooit in so 'n slegte ekonomiese tyd soos ons tans belewe nie.

Die groot staking aan die einde van 2018 het ook 'n diep duik in baie van ons gemeentelêde se sakke gemaak wat dit moeilik maak vir hulle om te herstel.

Ons het regtig nie gedink dit is moontlik om in hierdie baie moeilike ekonomiese klimaat weer so 'n groot fees aan te bied nie.

Baie dankie elkeen wat so verskriklik hard gewerk het om die Basaar 'n sukses te maak. Dit sou nooit kon wees sonder julle ure van harde werk nie. Baie dankie ook aan elkeen se bydrae. Mag die Here julle almal wonderlik seën.

Ons is sommer klaar weer opgewonde oor volgende jaar se Famfest en dink alreeds aan nuwe idees wat ons graag wil uittoets met die basaar.

Dink asb saam met ons en kyk rond vir maniere om ons fees nog meer spesiaal te maak in 2020.



Dit was wonderlik om ons kerkterrein so mooi en vol mense te sien by ons Famfest.

Ons dink met groot dankbaarheid aan hoe baie mense so baie ure gewerk het om dit alles moontlik te maak.

Ons dink ook met groot dank aan elke mooi getuigenis wat gehoor is en elke stukkie Eer wat die Here gekry het by ons Famfest.

Dit was 'n ware fees van betrokkenheid. Dit was ook 'n ware Famfest (Familiefees) van kinders van die Here aan hulle Hemelse Vader.



By die Doopvont

Op Sondag 25 Augustus het ons gemeente 'n baie besondere voorreg gehad om getuies te kon wees toe Kevin en Melissa Smith se seuntjie (Luandre Charl Smit) gedoop is. Wat 'n voorreg vir ons gemeente om saam met Kevin en Melissa in hulle vreugde te kon deel nadat hulle seuntjie lank in die hospitaal was na sy geboorte. Melissa is Francois en Annemarie Kroukamp van Uitbr. 2 wyk 6 se dogter. Hulle woon nou in Middelburg.



Ons groet met hartseer

Xavier Penberthy oorlede:

Xavier Penberthy is op 19 Augustus oorlede nadat hy vir twee weke baie ernstig siek was in Pretoria in die hospitaal na 'n operasie. .

Ons dink aan Karien en die kinders en ook aan hulle ouers wat almal bekendes in Fochville en in ons gemeente is. Xavier is Des en Annatjie Penberthy wat lank in Deelkraalwyk was se seun. Hulle woon nou in Vereeniging.



Xavier het in ons gemeente grootgeword, het hier belydenis afgelê en hy en Karien is in ons kerk getroud ook. Ons sal hom altyd onthou vir sy mooi geaardheid en vriendelikheid asook sy onwrikbare geloof in die Here.

Huweliksgeluk

Baie geluk aan Brendon de Koker van Carletonville en Olivia (Barnard) van ons gemeente wat op Saterdag 17 Augustus in Carletonville getroud is.

Olivia is Bennie en Petru Barnard (diakenspaar) van Uitbr. 1 wyk 3, se dogter. Petru is ook ons skriba van administrasie in die kantoor.

Baie geluk aan die paartjie en hulle ouers. Hulle woon nou in Carletonville.




Ons het vir Piet Smit geniet

Op Sondagaand 25 Augustus het die baie bekende Piet Smit in ons kerk opgetree. Dit was die laaste Sondag voor ons FAMFEST en was 'n gepaste manier om die groot week te begin. Dankie vir almal wat die aand daar was om saam met ons dit regtig ten volle te geniet.

Hy het ons as te ware op 'n seilboot gelaai en die aand laat vaar saam met hom oppad hemel toe.

Die getuienisse oor die aand was mooi.

Ons sal hom weer binnekort probeer reël om in ons kerk te kom optree.



Nuwe kerkraadslede bevestig

Op Sondagaand 15 Sept. is twee nuwe ouderlingspare bevestig.

Baie welkom aan Herman en Marié Groenewald van wyk 2 Oos wat nou weer na 15 jaar in die parlement in hulle eie wyk gaan dien.

Baie welkom ook aan Giel en Elza de Beer van die Aftreeoord wat terug is in ons gemeente en bevestig is.



Herman en Marié Groenewald



Giel en Elza de Beer

Aanddienste skuif na 7 nm.

Op Sondag 6 Oktober skuif ons aanddienste na 7 nm. vir die somertyd. Dankie vir almal wat in die aand ook kom aanbid en dit aand vir aand 'n heerlike belewenis maak in die kerk.

Tokkie Coetzee word 80

Tokkie Coetzee van wyk 2 Oos is op 4 Sept. 1939 in Johannesburg gebore waar hy groot geword en skool gegaan het. Hy het begin werk as 'n kondukteur op die busse in Johannesburg voordat hy na die myne gekom het en as myner gewerk het tot met sy aftrede. Hy het vir Joan ontmoet en hulle is getroud. Hulle was 48 jaar getroud toe sy in 2012 oorlede is. Uit die huwelik is 4 kinders gebore, 2 seuns en 2 dogters.

Tokkie het 5 kleinseuns, 1 kleindogter en 1 agterkleindogter. Baie geluk aan Tokkie met sy 80 ste verjaarsdag wat op 4 September was. Ons dank die Here vir sy gesondheid.



5 Dapper stappers



Die Tankwa Karoo het die laaste paar jaar bekend geraak as 'n plek waar mense gaan stap om bietjie alleen te wees op die langpad.

5 Dapper stappers van ons gemeente het besluit hulle gaan ekstra oefen en hulle het die afgelope maand die Tankwa Karoo gaan aandurf.

Hulle is vlnr: Mariet Bosman, Anneke Swanepoel, Driekie Nortjé, Amanda de Wet en Martina Tupper.

Met die skrywe van die Boodskappertjie was hulle besig om te stap en daar is nie selfoon opvangs nie.

Ons glo hulle gaan dit geniet en dat hulle tot die einde sal volhard.

Ons glo hulle geniet dit baie en sal graag al die stories wil hoor en die mooi getuienisse wat daar waarskynlik uit die stap sal kom. Mag die Here hulle wonderlik seën op die lang pad.

Manne met 'n Missie

Manne met 'n Missie is 'n klomp manne waarvan die meeste in ons gemeente is.

Hulle het besluit om met klein 150 cc motorfietsies van Fochville af na Shelly Point op die Weskus te ry. Intussen het hulle besluit om 'n verskil te maak en het hulle kaartjies vir behoeftige bejaardes gekoop by ons Famfest.

Hulle het ook besluit om mielies bymekaar te maak en gaan 'n vrag mielies op Sutherland aflaai vir die boere.



Van die manne is: Bartie Badenhorst, Hennie Both, Johan Zwarts, Werner Mulder, Louis Coetzee, Izak Lamprecht, Hendrik Lensley, Freek Watermeyer, Heinz Buhr, Gerrie Brits en Eckhard Brits.

Louis sê die vrouens en kinders is die fotografe en ondersteuningsspan.



WAT 'N SPAN!



'n Mens sal vêr soek om die span jeugleiers van die EPIX se gelyke te kry. Vol entoesiasme, avontuurlus en elkeen betrokke en altyd so gewillig om te help. Dankie julle ouens!

Hier is van die spanlede besig om die jong-mense te wys hoe dinge gedoen word.

EPIX

Sover het ons 'n wonderlike jaar beleef by die EPIX. Ons hoërskool-jeug het gekamp, plakgate gevef, diens gedoen by die Famfest, deelgeneem aan ons stiltetyd-program, Bybelvasvra gedoen en nog baie meer.



Kampvuur op oom Jannie se plaas met die Safari-aand.

EPIX-kamp by Achterberg.

Mej Fochie 2019

Janike Louw (2de prinses snr), Chrizelle (1ste prinses snr), Janayé Pretorius (Mej Fochie 2019 snr), Wenandi Coetzee (1ste prinses jnr), Lomigan Fourie (Mej Fochie 2019 jnr), Melani Kleyn (2de prinses jnr). Baie geluk meisies! En baie geluk aan hulle ouers! (Janike, Janaye, Wenandi en Lomigan is deel van ons gemeente.)



Die leiers van Hoërskool Fochville - VLR 2020

BAIE geluk aan die volgende jongmense uit ons gemeente wat op die VLR verkies is (dit laat sekerlik hulle ouers breed glimlag van dankbaarheid en trots): Janayé Pretorius, Kayla Daffie, Carla de Wet, Janike Louw, Luhan Pieterse, Johandré Combrink, Dian Marais, Dewan Delport en Johan de Wet.

